higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

KLEDINGKONSTRUKSIE N4

15 Oktober 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 M
1.2 L
1.3 K
1.4 I
1.5 H
1.6 G
1.7 F
1.8 E
1.9 D
1.10 B

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Platgekapte naat
2.2 Opgestikte sak
2.3 In-naat
2.4 Skuinsstroke
2.5 Rouleau
2.6 Gefatsoeneerde belegsel
2.7 Verstekhoeke
2.8 Houstiksel
2.9 Insnyding
2.10 Randstikvoet

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 Onwaar
3.2 Onwaar
3.3 Waar
3.4 Onwaar
3.5 Onwaar
3.6 Waar
3.7 Waar
3.8 Onwaar
3.9 Onwaar
3.10 Onwaar

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Hempskraag/Kraag/Omkeerbare kraag
4.2 (Geplooide) val/(ingerygde) val
4.3 Moulose mousgat
4.4 Bostiksel/Bloes
4.5 Skuifie/voeringpypie ('casing')
4.6 Agternek/Posisie
4.7 Vasmaakmiddel/Knoop
4.8 Versteekte posisie
4.9 Das/Lint
4.10 Soomlyn/Soom

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 5

5.1 Tussenbelegsel
5.2 Raglan/Tweestukmou
5.3 Kant
5.4 Buisinlating
5.5 Geronde hoeke
5.6 Skouerkussings
5.7 Inruiming
5.8 Voering
5.9 Hout, Metaal, Plastiek, Glas, Materiaalknope
5.10 2 cm tot 2,5 cm

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 6

6.1
- Maak twee rye inrygsteke✓ aan beide kante van die stiklyn.✓
- Tel twee drade aan dieselfde kant op✓ en trek die nodige hoeveelheid in om by die ander deel aan te pas.✓
- Plaas regterkante van die ingerygde✓ en die reguit stuk bymekaar.✓
- Stik op die stiklyn.✓
- Werk die naattoelating 1 cm af,✓ rond die rande af, tesame,✓ met omkap- of sigsagsteke.✓
- Pars naat.✓ (11)

6.2
- Om 'n ingerygde romp en bolyf vas te stik.
- Om 'n ingerygde bolyf en skouerstuk in 'n rok vas te stik. (2 × 2) (4)

6.3
- Rygplooitjies kan per hand of masjien gedoen word.
- Rygplooitjies moet in mooi, klein voutjies hang.
- Rygplooitjies word gedoen nadat konstruksienate gestik is, die naat afgerond en gepars is.
- Rygplooitjies hang die mooiste op die lengtedraad.
- Stiklengte vir rygplooitjies is langer en spanning losser as normaal.
- Garing- en stikgehalte moet reg wees. (Enige 3 × 2) (6)

6.4
- Vol sirkel
- Halwe sirkel
- A-lyn
- Nousluitende romp
- Dirndl
- Oorslaanromp ('wrap skirt')
- Mesplooi
- Platplooi
- Konsertinaplooi
- Kristalplooi ('crystal pleat')
- Dubbele vol sirkel (Enige 5 × 1) (5)

6.5
- Sny skuinsbandstroke.✓
- Vou helfte lengtegewys in,✓ regterkante saam.✓
- Stik 6 mm vanaf die vou,✓ en strek die skuinsband effens.✓
- Sit gare in 'n rygnaald of groot lussiedraaier ('loop turner')✓ om die skuinsband om te dop.✓ (7)

6.6 6.6.1 Ritssluiter (1)

6.6.2
- Kettingritssluiter
- Spiraalritssluiter ('coil zip')
- Versteekte ritssluiter
- Ooppuntritssluiter (4 × 1) (4)

6.6.3
- Gesentreerde metode
- Oorslagmetode
- Versteekte metode
- Ooppuntmetode (Enige 3 × 1) (3)

6.6.4
- Voltooi die oopnaatrande.
- Steunstik ('stay stitch') geronde/skuins nate.
- Krimp ritssluiter vooraf.
- Meet ritssluiterlengte op naat.
- Plasing van boonste stuite/stopr van ritssluiter 6 mm onderkant stiklyn.
- Hou ritssluiter toe tydens stikwerk. (Enige 3 × 1) (3)

6.6.5
- Merk die presiese lengte van die opening deur die rits as gids te gebruik.✓
- Boonste punt 6 mm onder boonste stiklyn en onder die onderste stuiter/stop.✓
- Met behulp van 'n oop naat maak die naat toe tot by die slip se onderkant✓, merk en versterk stiklyn op daardie plek.✓
- Pars die naat oop✓ en gee die rande 'n naatafwerking.✓ (6)

[50]

VRAAG 7

7.1
- Moet eweredig en akkuraat gespasieer wees.
- Moet gelyk in wydte wees van vou tot vou.
- Moet plat lê en nie rimpelrig ('puckered') wees nie.
- Moet platgepars wees, met 'n duidelike vou en glansloos.
- Moet in 'n reguit lyn gestik word parallel aan die vou en soortgelyk in wydte.
- Pylnaatopnaaisels moet stewige agtersteek kry om uitrafeling te voorkom.
- Garing- en stikgehalte moet reg wees. (Enige 3 × 2) (6)

7.2
- Klein, identiese driehoekies
- 'n Sigsagsteek
- Agtersteekwerk
- 'n Lappie materiaal
- Krielsteek ('whipstitch')
- Balkhegsel ('bar tack') – 6 mm lank (Enige 4 × 1) (4)

7.3 7.3.1
- Lyfband
- Sak
- Soom
- Lussies
- Gulpopening (Enige 2 × 1) (2)

7.3.2 4 (2 weerskante van middelvoor) (2)

7.3.3 Springplooie (1)

7.3.4
- Voltooi die oop naat aan die agterkant van die kledingstuk✓ en laat 'n opening tussen die patroonmerke vir die sakopening.✓✓
- Versterk die opening.✓
- Plaas een sakgedeelte op die voorste deel van die kledingstuk regterkante opmekaar.✓✓
- Stik op die stiklyn,✓ gradeer die saknaat.✓ (8)

7.3.5 1 cm tot 2 cm (1)

7.3.6 Die lae ingesitte sak word in 'n paneelnaat of synaat ingesit en die hoë ingesitte sak word van die lyfband ondertoe ingesit. (4)

7.4
- Vou die lyfband in die helfte, regterkante buite,✓ om die vou in te stryk vir 'n riglyn.✓
- Sny tussenbelegsel,✓ helfte van die bandwydte.✓
- Sit die tussenbelegsel aan van die vouriglyn na die binnekant van die lyfband,✓ of sodat dit nie van die buitekant sigbaar is nie.✓
- Draai die naattoelating van die binnekant✓ (aaneengesmelte kant) na die agterkant van die lyfband en ryg met die rand langs.✓
- Vou die lyfband dubbel met regterkante op mekaar✓ en stik die naatlyne op die rand.✓
- Werk af en gradeer die nate.✓✓
- Draai die lyfband om na die regte kant.✓✓ (14)

7.5
- Lengte van knoopsgate moet pas by grootte van knoop.
- Verseker korrekte belyning van knope en knoopsgate op 'n kledingstuk.
- Die steekdigtheid van knoopsgate moet voldoende wees om te verseker dat die rand ten volle bedek is.
- Materiaaldraad moet afgewerk en verwyder word van die middel van knoopsgate. (4 × 2) (8)

[50]

VRAAG 8

8.1
- Agterkraag
- Agterlyfie
- Voorlyfie
- Moukop
- Mousoom
- Sakopeninge
- Sakoorslag
- Soom van lyfie (opsioneel) (Enige 4 × 1) (4)

8.2
- Stik pylnate en rugnaat as daar een is.
- Ryg teen die rugplooi op, pars na een kant toe, ryg deur al die lae met kruissteke onder die neklyn en by die middellyflyn.
- Plaas 'n ry steke binnekant die naatlyne van die voorste opening, agter skouer-, nek- en mousgatrande(hierdie stiklyn kan met housteke gestik word).
- Voltooi binnenate en synate.
- Pars nate plat, maak dan oop, maak in- en uitknippies in die naattoelatings waar nodig.
- Die naattoelatings op al die rafelrande, buiten die mousgatrande, moet omgedraai word en na agter gepars te word.
- Maak in- en uitknippies in die naattoelatings waar nodig sodat hulle plat lê.
- Ryg dan die omgekeerde rande vas. (16)

8.3
- Sny 'n papierpatroon met reguit rand van kussing ('pad') op vou van papier.✓
- Plaas die patroon op die skuinste.✓
- Skuif die kussing in die bekleding ('covering') in,✓ vou in die middel en steek rondom buiterand van skouerkussing vas.✓
- Knip oortollige materiaal netjies af en kap rand om.✓ (5)

8.4
- Goedkoop✓
- Wasbaar✓
- Droogskoonmaakbaar✓
- Geen verskil tussen regte en verkeerde kant nie✓✓ (5)

8.5 8.5.1
- Om die oppervlak van die materiaal plat te maak en om kreukels te verwyder voordat die patroonstukke uitgelê word.
- Om die materiaal se draad perfek te kry.
- Om wolmateriale te krimp.
- Om 'n professionele eindproduk te verseker.
- Om tyd te bespaar.
- Gereelde parswerk tydens die konstruksiefase die werkproses vinniger te laat verloop. (Enige 3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

8.5.2
- Vaal oppervlakke moet vaal bly.
- 'n Stof met 'n glans moet sy glans behou.
- Growwe oppervlakke moet grof bly. (3 × 2) (6)

8.6 8.6.1
- Stoom kan krimping✓ en kreukeling✓ meebring
- Ligte aanraking – vermy parsing✓ (3)

8.6.2
- Soos crêpe as dit sag is.
- Krakerige deurskynende stowwe vereis selde ongewone parstegnieke. (2)

4.7
- Brokade
- Denim
- Hertstof
- Wol-
- Tussah
- Shetland
- Melton
- Tandruitstof ('houndstooth check')
- Kunspels
- Kunsleer
- Corduroy
- Kameelhaar
- Alpakka (Enige 3 × 1) (3)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou